

tippet 100

Om elke Maandag net 100 woorde te hê om iets wat my na aan die hart lê, te beskryf, is 'n uitdaging. Ek moet my woorde tel...

Gestel ons het elke dag 'n beperkte aantal woorde gehad om te gebruik – watter maatstaf sou ons gebruik het om ons woorde te kies?

Speel saam: 'n 100 woorde gebed; 100 woorde om 'n vriend te bemoedig; net 100 woorde om te vertel wat jou roeping as mens op aarde is.

Jy gaan agterkom dat dit jou help om uit te sny wat oorbodig is en skerp te fokus op wat wesenlik is.

Francois Retief

8 Januarie 2018

www.tippet.co.za